

Naamloos



Youth mag

Augustus tot September 2015

Uitgawe 9

NG Gemeente Rietfontein-Suid

In aanbidding voor God 





Beste vriend en vriendin in geloof.

Welkom terug na die vakansie! Hoop almal het goed uitgerus en dat julle reg is vir die 3de kwartaal wat voorlê. Vir die wat moes werk, ons dink aan julle en wil net sê vasbyt, Desember is nie so vêr nie. Die nuwe Naamloos is propvol nuwe artikels, stories, ontspaning en inligting. Ons skop die kwartaal af met ons 50 dae reeks: Jesus se geheime tot geluk. Dit is 'n 7 weke reeks en ons wil julle regtig aanmoedig om in te skakel en die dienste by te woon. As jy vir die eerste keer by ons aansluit, baie welkom by ons. Die goeie nuus is dat die Naamloos nou ook elektronies beskikbaar is op die gemeente se webwerf www.rietfontein-suid.ng.org.za. Jy kan ook al die vorige uitgawes daar aflaai. Van my kant af baie sterkte met die kwartaal wat voorlê en mag elkeen die seën van die Here ervaar.

Groete Stanwin Street



Gemeente Visie:

Deur Christus-liefde gee ons vir almal om!

Augustus 2015

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
2 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae Reeks	3	4	5 Solum 18:30	6	7	8
9 Aanddiens 📖18:00 Nasionale Vrouedag 50 Dae Reeks	10 Openbare Vakansiedag	11	12 Solum 18:30	13	14	15
16 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae Reeks	17	18	19 Solum 18:30	20	21	22
23 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae Reeks	24	25 Belydenisgroep 2015 18:30-21:00	26 Solum 18:30	27	28	29
30 Jeugkuier 17:15 🎶Youthbash🎶 18:00-19:30 50 Dae Reeks	31					

“Mense kan hoop hê vir die toekoms as hulle die moontlikhede van môre ernstig opneem en hulle nie laat vasbind aan die slegte rekord van gister nie” Moltmann

September 2015

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1	2 Solum18:30	3	4	5
6 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 50 Dae Reeks Afsluiting	7	8	9 Solum18:30	10	11	12 Karnaval 08:00 - 12:00 Adelaars
13 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00	14	15	16 Solum18:30	17	18 Gemeente- kamp	19 Gemeente- kamp
20 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 Aanddiens 📖18:00 Gemeente- kamp	21	22	23 Solum18:30	24 Erfenisdag	25 Skool- vakansiedag	26
27 Jeugkuier 17:15 🎵Youthbash🎵 18:00-19:30	28	29	30 Solum18:30			



"Moenie aan jou hoop vashou nie, maar hou vas aan Christus, die Bron van ons hoop" – Charles H. Spurgeon

Sondag Selgroepe




Graad 8 -seuns & dogters

Donovan 082 564 7907



Graad 9 - seuns & dogters

Andrea 074 151 9207



Graad 10 - seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 11 - seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695

“Hoop beteken ons sien die wêreld met al sy pyn en onreg nugter raak,
maar ons is ook op die uitkyk vir tekens van hoop wat ons orals sien”

Week Selgroepe



Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18 en 35** is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Petro 072 048 9856



Ons almal het 'n plek nodig waar ons voel ons 'belong' en waar ons saam wil kan gesels oor die lewe en waar die Here jou wil gebruik. Daarom ons jou uitnooi na J-Café. **Woensdagaande 18:30** in die Katakombe! Almal van **Gr.8-12** is welkom. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.
Skakel vir Johann Dednam
Tel: 083 261 7040



 **Spreekure**

Kontak gerus vir Stanwin en maak 'n afspraak:

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695 (24/7)

Email: StanwinS@gmail.com



Bemoediging...



As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy welkom om enige een van die Leiers te kontak en 'n afspraak met hulle te maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is belangrik vir ons!




Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 11 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.

Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand 'n Jeugkuier waartydens daar dan nie kategeese is waar al die jeug dan saam in die saal bymekaar nie, maar kom en lekker saam as 'n groot groep kuier, met koeldrank, chips en lekkers.



Christianity is not
a *religion*...
It is a *relationship*
with *GOD*.



iBelieve.com

Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.





**Gratis koffie/tee
na elke aanddiens
in die katakombe.
Almal is welkom!**



**Gaan  like ons
op Facebook.**



**NG Gemeente Rietfontein-
Suid Jeug**



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 **Almal is Welkom!**

Socials!



14 Aug

Speletjiesaad
& Pizza



@R20



Volgende Social – 14 Aug. 17:30 tot 20:30

Ons volgende Social vind plaas by die kerk. Ons gaan 'n Minute-to-Win-it aand hou, waar almal in spanne opgedeel gaan word en aan 10 items gaan deelneem. Na elke item gaan daar punte geallokeer word vir die wenspan. Die span wat op die ou einde die meeste punte het, sal dan ook 'n prys wen. Ons vra dat elkeen as dit moontlik is R 20 sal saambring. Daar gaan pizza, koeldrank en lekkers wees die aand. Sien jou daar! Navrae kontak Stanwin....

Youth Bash



**Feeding the
Community**

Ons wil jou vra om met elke Youth Bash geleentheid, om vir ons asb. te minste een blikkie kos sal saam bring as "toegang". As jy meer kan bring, sal dit wonderlik wees.



**NG Kerk Rietfontein-Suid
Gemeentekamp 18-20 Sep '15**



**Sionbergh
kampgronde**

Meer inligting sal later gegee word, hou die afkondigings in die kerk dop.

**Navrae: Egbert
082 802 9967**

DIS WEER SULKET YD!





HOPE BOKS PROJEK

R 25 per Boks

Kontak: Petro Jonker

072 048 9856




Wil jy in die naamloos adverteer?

Skakel vir Stanwin

079 525 5695

stanwins@gmail.com



Die Bybel in 'n neutbedop: 1 Tessalonisense



Skrywer	Paulus Medeskrywers: Silvanus en Timoteus
Op wie is dit gemik?	Die kerk in Tessalonika: die meerderheid Christene is Grieke
Oorsprong van situasie	Hierdie is Paulus se eerste sendingreis
Rede vir die skryf	Timoteus se terugkeer van Tessalonika (1Tes 3:6). Hy het vir Paulus kom terugvoer gee oor die stand van sake en ook die probleme en vrae wat die gemeente gehad het en dit oorgedra aan Paulus. Dis hoekom Paulus dan vir hulle 'n brief skryf om die probleme aan te spreek en die vrae te beantwoord.
Tessalonika	Gebou in 315 v.C., naby die antieke dorp Therma. "Cassander", die een wat die dorp ontdek het, het die dorp na sy vrou vernoem, sy was ook die half suster van Alexander die grote.
Plek van skrywe	Korinte (hierdie is ook Paulus se eerste brief gewees wat ons tot ons beskikking het)
Tyd van skrywe	50 n.C.

Uitdagings	Baie van die nie-Christene het die Christene ondermyn oor die keuse wat hulle gemaak het om Christus te volg. Hulle was konstant verneder en geteister, sodat hulle sal terugkeer na die manier hoe hulle geleef het voordat hulle Christus gevolg het.
Temas	Fondasie van die kerk, <i>παρουσία</i> (teenwoordigheid), noodsaaklikheid van werk
Breë struktuur	Inleiding/opening van die brief en danksegging: 1:1; 1:2-10 Liggaam van die brief: (1ste groot gedeelte) 2:1-3:13 (2de groot gedeelte) 4:1-5:24 Afsluit van die brief: 5:25-28





1 Tessalonisense is die eerste brief vanuit Paulus se pen, maar dit is nie al nie, die brief is waarskynlik ook die heel eerste dokument van die Nuwe Testament wat op skrif gekom het.

(Vir meer inligting sien – Ontsluit die Bybel deur Stephan Joubert en Leonard Mare)

Die brief van Paulus kan gesien word as 'n baanbreker in die Nuwe Testament en ook 'n brief wat soveel vir ons van Paulus se skryfstyl en die manier hoe hy die evangelie verstaan, oopbreek. Die rede waarom dit so groot deurbraak is, is omdat dit vir ons wys dat dit 'n begin van 'n nuwe moment was in die geskiedenis van skryf. Voor dit was briewe net gebruik as getuigskrifte vir mense wat moes reis na gemeenskappe waar hulle nog nie voorheen was nie. In 1 Tessalonisense sien ons dan vir die eerste keer dat dit die vorm van 'n brief aanneem, maar nie net enige brief nie - 'n pastorale brief. Ons sien in die brief dat Paulus se omgee en liefde duidelik deurkom in die brief. In 1 Tessalonisense 2:1-12 wys dit selfs vir ons dat Paulus na homself verwys as, versorger, verpleegster en vader.

Lukas dui aan in Handeling 17 dat Paulus vir drie opeenvolgende Sabbatte in Tessalonika gepreek het, dit was voordat Paulus moes vlug vir sy lewe. Daar is wel menigte geleerdes wat meen dat Paulus langer as drie weke in Tessalonika moes spandeer om 'n verhouding met die mense te bou en genoegsame kennis van die evangelie met hulle te deel. Paulus het die ABC van die evangelie met die gemeenskap gedeel. Die wonderlike deel is dat Paulus ook vir die gemeenskap 'n "geloofsbelydenis" geleer het, "soos wat hy in verhaal vorm beskryf in 1:9-10. Hy haal naamlik hier 'n tipe verslag aan wat ander gelowiges gelewer het oor die Tessalonisense se geloof in die lig van die ontvangs wat Paulus vroeër by hulle gehad het. Sy leringe het deur die Gees se werk so 'n diep impak gemaak dat oral in die provinsie die Tessalonisense se geloofsbelydenis kon aflees uit hulle lewens". Dit het neergekom daarop dat hulle vanaf die afgode na God gedraai het, om die ware en lewende God te dien en op sy Seun te wag wat weer sal afkom aarde toe vanuit die hemel, wat God uit die dood opgewek het, (dit is) Jesus wat ons verlos van die oordeel wat kom. Dit dan net 'n kort oorsig van 1 Tessalonisense.

Humor...

HaHaHa



Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolg in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

Wêreldwaarnemingslys 2015:

- 
- | | |
|-----------------------------------|--------------------------------|
| 1. Noord Korea | 26. Palestynse Gebiede |
| 2. Somalië | 27. Broenei |
| 3. Irak | 28. Laos |
| 4. Sirië | 29. China |
| 5. Afganistan | 30. Jordanië |
| 6. Soedan | 31. Bhoetan |
| 7. Iran | 32. Comore |
| 8. Pakistan | 33. Tanzanië |
| 9. Eritrea | 34. Algerië |
| 10. Nigerië | 35. Colombië |
| 11. Maleië | 36. Tunisië |
| 12. Saoedi-Arabië | 37. Maleisië |
| 13. Libië | 38. Mexiko |
| 14. Jemen | 39. Oman |
| 15. Oesbekistan | 40. Mali |
| 16. Viëtnam | 41. Turkye |
| 17. Sentraal-Afrikaanse Republiek | 42. Kazakstan |
| 18. Katar | 43. Bangladesj |
| 19. Kenia | 44. Sri Lanka |
| 20. Turkmenistan | 45. Tadjikistan |
| 21. Indië | 46. Azerbaidjan |
| 22. Ethiopië | 47. Indonesië |
| 23. Egipte | 48. Mauritanie |
| 24. Djiboeti | 49. Verenigde Arabiese Emirate |
| 25. Mianmar | 50. Koeweit |

Inligting oor van die lande



Sirië

Sirië bly hoog onder die Top Tien van die 2015 Wêreldwaarnemingslys (WWL). Die telling het van 79 punte verhoog na 83 punte. Wat opvallend is egter, is dat Sirië gedaal het van posisie #3 na #4. Dit kan verduidelik word in die lig van ander lande wat 'n hoër telling behaal het en dus hoër as Sirië gelys word op die WWL. (www.opendoors.org.za)

Die hoofrede vir Sirië se hoër telling vanjaar, is die toenemende invloed van radikale Islamitiese groepe, met die algehele laagtepunt wat bereik is met die vestiging van die Islamitiese Staat-kalifaat. Christene is kwesbaar in alle lewensfere, en meeste Christene het gevlug uit die gebiede wat deur die Islamitiese Staat (IS) beheer word.

Die Siriese opposisie 'Islamiseer' al hoe meer en die burgeroorlog neem meer en meer 'n 'dijhadistiese' vorm teen die Siriese regering aan. In die konflik ly alle Siriërs ontsettend, maar party groepe, soos die Christene, bevind hulself in 'n meer kwesbare posisie as ander.

Hoofbronne van vervolging:

- Islamitiese ekstremisme
- Diktatoriale paranoïa
- Georganiseerde korrupsie

Inligting oor die land

- Bevolking - 22 265 000
- Christene – 5% van die bevolking
- Geloof - Islam

Het die Kerk nog 'n rol in die toekoms?



In vandag se digitale, post-moderne, post-christelike, geglobaliseerde wêreld is daar baie vroe rondom kerk wees en of dit wel nog van toepassing is in die 21ste eeu. Hierdie vroe het nuwe uitdagings aan die kerk en die leiers van die kerk gestel. Ongeveer 3 jaar terug was daar groot opslae toe die Rapport van 18 Februarie 2012 'n artikel geplaas het oor die NG Kerk wat meer as 20 000 lidmate verloor het in een jaar se tyd. Hierdie nuus het baie vroe na vore gebring. Vroe soos: Moet ons dit glo of nie? Is daar 'n rede vir hierdie daling in getalle?

Beteken dit Suid Afrika word minder gelowig? Of vind die gelowiges ander maniere om hulle geloof uit te leef as in die tradisionele kerk? Dit is maar enkele van die vroe wat gevra word indien ons kyk na geloof in Suid-Afrika. Oor die eeue heen het die kerk ontwikkel en geroei, daar was ook tye waar dit met die kerk sleg gegaan het, maar die punt is die kerk het ontwikkel. Hans Kung ('n bekende teoloog) skryf in sy boek *The Church*, dat as mens na kerk vandag kyk kry mens die gevoel dat ons nie weet wat die kerk regtig is nie. Kung gaan vêrder en sê dat mens eers kan verstaan wat kerk vandag moet wees as mens verstaan wat kerk oorspronklik was. Daarvoor het ons die Bybel as riglyn om te sien hoe daar 'n beweging ontstaan het onder die volgelingen van Jesus en hoe die evangelie soos 'n veldbrand versprei het.

Daar is ook geskiedenis waaruit mens kan leer. Maar dit beantwoord steeds nie die vraag oor of die kerk nog 'n rol in die toekoms het nie. Glo my, dit is nie 'n vraag wat onlangs ontstaan het nie, oor die eeue is dieselfde vrae gevra. Die mens hou nie van onsekerheid nie, ons wil weet wat aangaan en wat die gevolge is as ons iets doen. Stephan Joubert het 22/07/13 'n artikel op die ekerk se webwerf geplaas waarin hy gesê het dat die feit dat ons in 'n tyd lewe wat verander het, is waar en dinge is baie anders, maar as ons oor die kerk dink moet ons eerder vra: “het die toekoms ooit nog 'n kerk”.

Stephan het reageer met die volgende woorde: “Christus hou steeds sy losgekoopte mense styf in sy eie hand vas. In Matteus 16 gee Hy ons die versekering dat nie eens die poorte van die doderyk sal triomfeer teen die belydenis dat Hy die Christus is nie. Daarom dat die ware kerk nog altyd te midde van enigiets vanaf vervolging tot sekularisasie voortbestaan het”. Christus het nie in hierdie gedeelte iets genoem dat Hy die omhulsels waarin Sy kerk gegiet is, gaan in stand hou nie.

Stephan meen dat “geboue, eiendomme, musiekinstrumente, salarisse, formele strukture en vergaderings is wel belangrik op grondvlak, maar die ware kerk kan ook hiersonder bestaan. Elke keer in die geskiedenis wanneer die kerk onder druk was, het Jesus se mense effektief hiersonder gefunksioneer”. Miskien verwar ons kerklike omhulsels met die ware belydenis van die kerk. Die realiteit is dat as mense nie meer vir Christus bely as die Here nie dan kan ons begin rooi ligte sien. Daarom is dit belangrik dat ons geanker sal bly in die identiteit van Christus en dat dit duidelik vir ons moet wees dat dit nie beteken, soos die wêreld verander, so moet die kerk meer soos die wêreld begin lyk nie. Dit is nie wat Christus vir die kerk beplan het nie. Ons is juis geroep om anders te wees - 'n kerk in die wêreld maar nie van die wêreld nie

Ons as mens is dus die kerk en moet geanker bly in Christus en sy Woord, só sal die kerk nog 'n toekoms hê en die toekoms nog 'n kerk hê.

Die diagnose, die antwoord

deur Stephan Joubert (vir meer inligting besoek- <http://www.ekerk.org>)

Een van die duidelikste diagnoses in die Bybel oor hoekom baie gebede geen krag of effek het nie, kom in Jakobus 4:1-3 voor. Jakobus skryf naamlik hier dat mense nie ontvang nie, want hulle bid nie. So eenvoudig soos dit. Biddeloosheid is dodelik. Daar's 'n tweede rede: vele wat wel bid, bid verkeerd. Hulle wil heeltyd net nog dinge van die Here hê om hulle eie selfsugtige behoeftes te bevredig. Biddeloosheid en selfsug — hierdie dinge is volgens Jakobus die twee groot hindernisse op die pad van oop hand mis te loop. Maar om verkeerd te bid, is om op presies dieselfde roete lewenskragtige gebed. Dit versper die pad hemelwaarts. Om nie te bid nie, is om God se te wees. Selfgesentreerde gesprekke wat jy met die Here aanknoop wanneer dit jou pas en wat net op jou eie behoeftes afgestem is, staan God nie aan nie.

Egte gebed is die brug hemelwaarts en terug. Dit verbind jou direk met die troonsaal van die Allerhoogste in Jesus se Naam. Gebed is om laag voor die Koning van die heelal te buig omdat jy weet jy is maar soos 'n bietjie stof op die hemelse weegskaal. Daarom dat jou gunsteling plek altyd laag aan God se voete is, soos wat Jakobus 4 ook leer. Gebed is om diep ontsag vir die lewende God te hê. Dit laat jou opkyk om die heiligheid van God te ontdek. Gebed laat jou al hoe meer wegkyk van jouself en van jou eindelose behoeftes en begeertes. Gebed laat jou loof. Dit laat jou aanbid. Dit laat nuwe lofredes oor jou lippe spoel om die Here se Naam te besing. Dan eers waag jy dit om vir vandag se brood te vra. En om dit gelowig te ontvang. Dan vra jy in dieselfde asem ook vir God om jou en jou geliefdes te bewaar van die Bose. En om jou te help om ander te vergeef soos wat Hy jou vergeef.

Preekreekse



Jesus se geheime tot geluk

**50 Dae
Reeks**

**26 Julie tot 6 September
(oggend en aanddienste)**

3 Maniere om in te skakel:

- Eredienste vir die 7 weke
- Dagstukkiesboek
- Inskakel by 'n Omgeegroep vir die 7 weke

Vir die 7 weke gaan ons na die volgende geheime kyk:

Geheim 1

Gelukkig in nederige afhanklikheid

Geheim 2

Gelukkig as jy treur

Geheim 3

Gelukkige sagmoediges

Geheim 4

Gelukkig! Want jy honger en dors na wat reg is

Geheim 5

Gelukkig in 'n barmhartige leefwyse

Geheim 6

Gelukkig met 'n rein hart

Geheim 7

Gelukkige vredemakers

Ontspanning



'Bible Trivia'



Toets jou Bybel kennis. Kyk of jy die volgende vrae kan regkry.

1. Hoeveel boeke is daar in die Ou Testament?

- a) 33
- b) 35
- c) 39

2. Jesus het water in wyn verander by die bruilof in?

- a) Damaskus
- b) Kana in Galilea
- c) Nasaret

3. Watter een van die Psalms is die langste?

- a) Ps. 121
- b) Ps. 91
- c) Ps. 119

4. Watter een van die Psalms is die kortste?

- a) Ps. 117
- b) Ps. 35
- c) Ps. 150

5. Wat was die man se naam wat Dawid doodgemaak het om met Batseba te trou? (2 Samuel 11)

- a) Joab

b) Urija

c) Eliam

6. Wie was die oudste man in die Bybel? (Genesis 5)

a) Noag

b) Lameg

c) Metusalag

7. Vir wie het God gesê hy kan enige iets kry en hy het toe wysheid gekies?

a) Salomo

b) Abraham

c) Hiskia

8. Wat is Moses se seuns se naam? (Eksodus 18)

a) Maglon en Gileon

b) Gersom en Eliëser

c) Isak en Jakob

9. Hoeveel broers het Josef gehad?

a) 9

b) 13

c) 11

10 In watter rivier was Jesus gedoop?

a) Jordaan


b) Apies

c) Nyl

Antwoorde
1. C, 2. B, 3. C, 4. A, 5. B
6. C, 7. A, 8. B, 9. C, 10. A

#6 Matching

(pas die nommers by die letters)



- | | |
|------------|--|
| 1. Abraham | a. Sy vrou het in 'n soutpilaar verander |
| 2. Simson | b. Het spioene in haar huis weggesteek |
| 3. Rut | c. Het 'n stad se muur oor gebou |
| 4. Dawid | d. Reënboog |
| 5. Lot | e. Het 'n skoonheid kompetisie gewen |
| 6. Nehemia | f. Het 'n groot hoeveelheid filistyne dood gemaak. |
| 7. Hosea | g. Son staan stil |
| 8. Ragab | h. Het 'n soldaat doodgemaak |
| 9. Ester | i. Het haar man ontmoet terwyl sy are in die land opgetel het. |
| 10. Hiskia | j. Het met 'n prostituut getrou |
| 11. Noag | k. 10 Gebooie |
| 12. Moses | l. Moes sy seun gaan offer |
| 13. Josua | m. Is deur 'n vye koek genees |

Antwoorde:
1. L, 2. F, 3. I, 4. H, 5. A, 6. C,
7. J, 8. B, 9. E, 10. M, 11. D, 12. K, 13. G

Stede in die Bybel

M O R L B H T U T E T T W P H U U Z
Y U E O P R D G C B E T L E H E M W
D X Y V O O Z H W J S Q E N P T L R
X Q C M A F I K S K S I R T A N H H
Z J E R U S A L E M A R K H L A T C
N H O X S A E I H F L F S F E A D M
T M T H H B N L R W O Y F B S N E K
E M J P A D R R W J N L V J T A U J
N M L B Y D Y S E Z I Q P P I K D V
I D C E J V T O T P K W B E N K S A
N A G D T A E L I L A G C S A P X W
E E I C L N L C Y N J K N H O T H W
V I S R N V I K O M K G M U A D A D
E N Q E A D C R E I J V W R I Y O Z
K U A S F M B F O S U K S A M A D M
M K W A F E A P L K I U W F Q R A L
O U O C H S X S I K S K K Y B Y Z F
X M Y N M C V U T B E G I P T E P I

Woorde

Babel Korinte Efese Betlehem Egipte Palestina

Jerusalem Tessalonika Kanaän Samaria Damaskus Ur

Rome Galilea Kapernaum Sodom Nineve Hebron Tarsus

Noag se Ark

C B W W V K M E M L X Z L C Q N V F
P V F K O S Z D R E P Q C V A M O D
V A I D E H Z R A A P X C Q H N L O
G K D J Z O G R E N O S T E R B S N
Y I H A A S W A K P L M U I S U T K
B I C N P U G U M Q E I P P K F R I
A Y E K S L K H W C K A D A O F U E
L H I O E O I C X R A A M O Z E I M
L A N B K M X K M K V E H J K L S P
Y B Y J I E B D S G E Q K O F O T U
B Z W Q D D E Q Y L F N L E E U R Q
P Y E C Q L N S P O I D U I F D F K
S H K V Q H V E A M C U G N D N E W
U W K X U T R L A T N A F I L O M R
A C I M S D Q L I X G C H G P I Y W
S F P E C A F D M E E D L E E M A K
Q K E R E I T K Z I G B O R X D G S
C B S V N S L T H L K X U A H Y O S

Woorde

Olifant Kameel Vlieg Aap Bok Bees Perd Donkie Krokodil

Seekoei Kameelperd Volstruis Skaap Leeu Tier Flamink Duif

Buffel Mier Pikkewyn Skilpad Haas Muis Renoster

Vul die ontbrekende woord in...

Romeine 12:1-8

En nou doen ek 'n _____ op julle, broers, op grond van die groot _____ van God: Gee julleself aan God as _____ en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te _____. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. Kragtens die _____ wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liefdevol daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van _____ wat God aan elkeen toebedeel het. Ons het baie lede in _____ liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van _____ is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. As dit is om te _____, laat ons dien. As dit is om _____ te gee, laat ons onderrig gee. As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons _____ gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met _____.

Maak gebruik van die volgende woorde

lewende genade blymoedigheid een dien beroep onderrig
leiding geloof ontferming profesie vernuwe

1 Petrus



Af

- **1.** Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy _____ kan volg. (1Pe 2:21 A83)
- **2.** Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele _____ heilig wees. (1Pe 1:15 A83)
- **3.** Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die _____ afgesonder om aan Hom

gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. (1Pe 1:2 A83)

- **4.** Die Skrif sê: Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die _____ van die Here, dít bly vir ewig. (1Pe 1:24-25 A83)
- **8.** Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare _____ van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. (1Pe 1:19 A83)
- **12.** Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende _____ verduur omdat hy aan God getrou wil wees. (1Pe 2:19 A83)

Dwars

- **5.** Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die _____ en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het. (1Pe 3:22 A83)
- **6.** In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die ____ wat in julle lewe. (1Pe 3:1)
- **7.** Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die _____ gedra. (1Pe 2:24 A83)
- **9.** As dit die wil van _____ mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen. (1Pe 3:17 A83)
- **10.** Ten slotte: Wees almal _____, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. (1Pe 3:8 A83)
- **11.** Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die _____ uitverkies is. (1Pe 2:4 A83)
- **13.** Die _____ is nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus. (1Pe 3:21 A83)
- **14.** Ook Christus het een maal vir die _____ gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, —→

Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is. (1Pe 3:18 A83)

	2	9		1		4	8	
			9		7			
3	7		5	4	8		9	2
	9	2				5	7	
8								1
	1	5				3	2	
7	8		4	3	6		5	9
			1		2			
	6	4		9		8	1	

	9						8	
2		5	6		8	7		9
	7	8		9		1	6	
	2		4	5	7		9	
		6	2		1	3		
	5		9	6	3		1	
	3	2		4		5	7	
5		4	7		6	9		1
	6						2	

4	6		7	3	5		8	2
2				6				1
		3		1		6		
6				4				3
7	1	5	3		2	4	6	8
3				7				5
		2		5		1		
1				2				7
9	4		1	8	3		2	6

				3		2	5	
3		6	4		5	8		
5	9		7	8	2		3	
	3	1				9	6	
7		9				5		8
	5	8				7	1	
	7		8	4	1		2	9
		2	3		6	1		5
	1	3		5				

6				7				2
	5	8	3	6	2	4	7	
			9		8			
9	6			8			1	4
	1	2				8	9	
8	4			9			3	5
			8		7			
	3	1	4	2	6	9	5	
4				1				7

6		7	1	5	3	8		9
	8		2		7		1	
5				4				2
7	6			2			9	1
9		1	6		4	2		3
3	4			7			8	6
1				3				8
	9		4		8		5	
8		5	7	6	9	1		4

FRANK **OPPERMAN**



6 November 2015

R100 p.p by NG Rietfontein-Suid, inligting oor kaartjie verkope sal later bekend gemaak word. Hou die afkondigings in die Kerk dop of die Gemeente se webwerf - www.rietfontein-suid.ng.org.za

Jakob se Put was karre!

Vir **3 Saterdag** in die maand kan u nou u kar laat was by verskillende gemeentes!

Saterdag
9:00 tot 12:00



Eerste Saterdag van die maand: NG kerk Rietfontein-Suid
16de Laan/Ben Swartstraat, Rietfontein

Tweede Saterdag van die maand: NG kerk Condordia
5de Laan/Flowerstraat, Capital Park

Derde Saterdag van die maand: NG kerk Rietfontein-Noord
24ste Laan/Louis Trichardtstraat, Rietfontein

En een van die dae kan ons dalk 'n vierde Saterdag byvoeg!!!

Ondersteun ons asb.

Hierdie mense is bereid om te werk vir 'n geldjie terwyl hulle tussen werke is. Alle gelde (fooi vir karwas en moontlike donasies) gaan alles na die motorwassers.

KOSTE: WAS EN RY R20

WAS EN SUIG R35

Dankie vir u ondersteuning!
Sien jou Saterdag daar!

KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 083 660 1803/ leonvh1600@gmail.com

Ds. Leon Tait 082 601 4235/ taitgesin@gmail.com.

Pastorale hulpe:

Ds. Dirk van Zyl (Seniors) 084 028 8993/ caddvanzyl@absamail.co.za

Stanwin Street (Hoërskool-jeug) 079 525 5695/ stanwins@gmail.com

Koster:

Frans Viljoen 082 707 5128

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis Nel (Skriba) ngriet@telkomsa.net



GEBEDSLYN: 082 569 6590



GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

